



## IMAGO DEI

Bykans 3 jaar gelede het 'n groep lidmate van die NHKA, wat hulself as steeds Hervormers geïdentifiseer het, 'n Staat van Belydenis uitgeroep. In dié dokument wat hulle oortuigings verwoord, is sewe sake aangeroer wat op verskillende vlakke van erns rede tot kommer is in die NHKA se teologiese mondering en beredenering. Die dokument se adres was ook baie spesifiek, met 'n waarskuwing in afgeleide sin. Die Staat van Belydenis is spesifiek tot die Algemene Kerkvergadering (AKV) gerig, tot die ampsdraers en leiding wat daar was en is. In afgeleide sin is alle ampsdraers, gemeentes en lidmate gewaarsku teen duidelike dwaling en het die wekroep tot saamdink weerklink.

Daar bestaan by baie lidmate die verwagting dat die hof se regspraak uitsluit sal gee oor die sake wat in die Staat van Belydenis vermeld word. Dit is nie korrek nie. Die saak oor *ultra vires* sal wel in die hof ter sprake kom, maar die saak van die leuen wat agter die *ultra vires* lê, moet soos die ses ander sake teologies aangespreek word. Hierdie debat sal moet voortduur.

Die Staat van Belydenis is een van die belangrike dokumente in die Geloofsbond van Hervormde Gemeentes (GHG). Dit is wenslik dat die dokument se inhoud bekend is en die argumentasie daarin vervat, suiwer. Die sake wat opgehaal word, moet telkens teologies getoets word. Lidmate moet met oortuiging aan gesprekke kan deelneem en duidelik kan aantoon dat die GHG nie sektaries is nie, maar dat daar duidelike teologiese dwaling onverhinderd en selfs beskerm binne die NHKA bestaan.

Alhoewel die NHKA die eerste adres is, word dit al hoe meer duidelik dat die sake wat in die Staat van Belydenis

aangespreek word, in die gemeenskap die suiwere voortgang van die Evangelie bedreig. Dit is veral die Gnostiek, saam met 'n afgewaterde Bybelverstaan teologies- asook seksuele losbandigheid as etiese sake wat hoog op die agenda geplaas moet word. Die Skietlood wil nou stelselmatig die sewe sake van nader beskou en beredeneer. Die Staat van Belydenis was na sy aard nie die ruimte vir meer uitgebreide beredenering nie. Hierdie artikel moet ook nie as die laaste woord verstaan word nie, maar as stimulus tot gesprek. Die vraag is of die Staat van Belydenis 'n lewende dokument is en moet bly, of dalk op 'n rak geplaas moet word as toonbeeld van 'n era of episode.

As eerste saak van die Staat van Belydenis word die besluit dat die bewoording in 54/69 korrek is, aangespreek. Dit is die stelling dat 'n optrede of beleid (apartheid) **die beeld van God in die mens** skaad. Die mens as beeldraer van God is die saak wat eerstens op die voorgrond tree.

*Imago dei* as tegniese term verwys na die mens as geskape na die beeld van God. Die sleutelteks vir die konsep is Genesis 1:26-27. In die teks word gestel dat die Here die mens na Sy beeld, as beeltenis van Homself gemaak het. Die twee terme wat in die Hebreeuse teks gebruik word is (getranskribeerd) *selem* en *demut*. Vertalers het al die sinonieme op 'n verskeidenheid van maniere vertaal. Terme soos gelykenis en beeld is gebruik. *Demut* (gelykenis) verskyn 25 keer in die Ou Testament en word vertaal met terme soos 'lyk soos', 'vorm' of selfs 'lyk iets soos'. *Selem* (beeld) aan die ander kant verskyn 17 keer in die Ou Testament maar het vertaalmoontlikhede wat strek van 'n betekenis wat dui op fisiese verteenwoordiging (fisiese werklikheid) tot

afskaduwing (metafisiese beeltenis). Die vertaalmoontlikhede wys op die verskeidenheid van verstaansmoontlikhede.

Ons leer bietjie meer indien ons kyk na die ander plekke in die Bybel waar die konsep van *imago dei* gebruik word. In Genesis 9:5-6 gaan dit oor die belangrikheid van die mens se lewe omdat die mens as God se teenwoordiger gemaak is. Psalm 8 se tema is die mens wat deur God so hoog aangestel is. In die Nuwe Testament praat Jakobus 3:9 van die mens wat die Here loof en met dieselfde tong sy medemens wat na die beeld van God geskep is, vervloek. 1 Korintiërs 11:7 verwys na die man as beeld en sieraad van God. Uit hierdie tekste het 'n verskeidenheid van verstane gegroei, sommige ortodoks en ander erge dwalings. Vele van die interpretasies is niks anders as betekenis wat ingegiet is sonder om die tekste en die wyer betekenis in ag te neem.

God het die mens geskep. Die vraag na die aard van hierdie skeppingsgebeure lei tot vele antwoorde oor wat dit beteken. *Imago dei* kan verstaan word as dat die mens soortgelyk aan God is, volgens sommige fisies, volgens andere sluit die soortgelykheid geestelike aspekte in. 'n Tweede moontlikheid is om die *imago dei* se betekenis te soek in die mens as God se teenparty, geselskap of verhoudingsvennoot. Daar is diegene wat die mens as heerser oor die skepping verstaan en dit sien as die sleutel tot die regte verstaan van die konsep. 'n Vierde groep verstaan dit as 'n geval van verteenwoordiging. Die mens is God se verteenwoordiger op aarde en moet in verhouding met ander hierdie status uitleef. Barth en in 'n sekere sin van Niftrik staan in hierdie dampkring. Van Niftrik lê groot klem op die verhoudingsaspek van *imago dei*. God het as Triniteit die mens as man en vrou geskep. Hy stel dat God een is maar nie eensaam is nie. Net so is die verstaan van *imago dei* in verhoudings te verstane en nie as iets buite die mens nie. Net soos genade God nie 'n uitgegote voorwerp is

nie maar God se gunstige wending na die mens toe is, net so is *imago dei* te verstane in die relasionele konteks.

Die vraag na wat dit alles behels sluit in moontlikhede wat stel dat die *imago dei* die werklike beeld van God is – sien die mens, sien jy God. Vir vele sluit die konsep die oorspronklike ware geregtigheid in, wat dan in die sondeval verlore gegaan het. Die konsep van *imago dei* sluit volgens sommiges ook ander aspekte van menswees in, soos intellek, emosies en morele denke. Voeg daarby nog die geestelike aspek van menswees. Calvin verstaan die mens se onsterflike siel as 'n sleutelkonsep in die beredenering van *imago dei*. Dit word duidelik dat daar wyd en baie geskryf en gedink is oor 'n konsep wat nie baie in die Bybel self genoem word nie. Edmund Schlink vra selfs of die begrip sentraal kan staan tot ons antropologie. Een saak blyk duidelik te wees, *imago dei* is nie 'n 'iets' of 'n 'ding' wat in die mens is en as goddelike vonk verstaan kan word nie.

Waar is hierdie *imago dei* gesetel? Baie teoloë bou 'n hele sisteem op die onderskeid tussen beeld en gelykenis. Volgens Irenaus het die mens die een (gelykenis) verloor met die sondeval, maar die ander (beeld as rasionaal) behou. Ander het die beeld in die mens se intellek en rede geplaas, telkens met 'n onderskeid tussen die twee Hebreuse woorde wat gebruik is. Augustinus het 'n drieheid van menslike eienskappe as spieëlbeeld van God se Triniteit voorgestel.

Calvin en die Reformatore het met die tradisie gebreek en die twee sinonieme (*selem* en *demut*) as poëtiese herhaling verstaan. Tog het Calvin die siel gesien as die een wat beeldraer is, terwyl die hele mens aangeraak is deur die *imago dei* van die siel. Calvin sluit met ander woorde aan by Plato se liggaam-siel dualisme. Net soos Augustinus het Calvin die metafoer van die spieël gebruik om *imago dei* te verduidelik, 'n spieël wat na die sondeval verpletter is. Tog het daar

volgens Calvyn iets van die *imago dei* oorgebly. Calvyn was baie uitgesproke daaroor dat die ***imago dei* geen goddelike vonk** in die mens impliseer het nie en dat geen optrede van die mens God kan skaad nie. Op hierdie stadium net 'n kort ekskurs. Studiestukke ingehandig vir die BAKV van 2011 het beweer dat Calvyn praat van die beeld van God **in** die mens. Die stelling is totaal onkundig en oneerlik omdat Calvyn na die siel verwys het wat beelddraer van God is. Kontekslose aanhalings was misbruik om Calvyn te laat sê wat hy nooit eens sou dink nie.

Churton beweer in *Gnostic philosophy* dat die goddelike as vroulike Sophia iets in die mens is. Dit is met ander woorde net binne die konteks van die gnostiek en die pan-teïsme wat die konsep van die goddelike vonk in die mens ter sprake kom en as moontlik verstaan word.

Dit is duidelik dat daar baie antwoorde moontlik gebied kan word binne die Reformatoriese tradisie. Die Gnostiek is nie deel van hierdie tradisie nie en is nie eens op die Bybel geskoei nie.

*Imago dei* kan op vele maniere verstaan word, maar kan nie so verstaan word as dit iets in die mens is nie. Die debat oor *imago dei* word bemoelijk deur die sondeval. Die Nuwe Testament laat dit aan die een kant lyk asof Christus as die ware beeld van God die mens as *imago dei* herstel. Aan die ander kant word alle mense as *imago dei* verstaan.

'n Eerste tentatiewe antwoord kan wees dat *imago dei* inderdaad binne die konteks van verhoudings verstaan word. Die mens is in verhouding met God maar die sonde maak dat die mens hierdie verhouding probeer vernietig en ten minste van sy kant ophef. Die ander een in die verhouding – God – bly getrou. In dié opsig is daar steeds sprake van *imago dei*, selfs vir die toegewyde ongelowige heiden.

'n Formulerings wat dit in ag neem, sal stel dat 'n beleid of optrede die mens as beelddraer van God aantast. Die Bybel en

die wyer ortodokse Christelike tradisie laat geen ruimte vir 'n konsep soos "beeld van God in die mens" nie, wat nog te praat van daardie beeld dan seer maak. Die hou by 'n besluit wat praat van die "**beeld van God in die mens**", is die behoud van **dwaling**.